LAERSKOOL BEAUMONT

Liewe Ouers 13 Oktober 2011

Ons is weer terug in die tuig na 'n baie kort maar nodige vakansie, veral na 'n baie besige derde kwartaal met die Grondslagfase se Prinses Roselyn Operetta. Die leerders het goed ingeskakel, ten spyte van die ontwrigting van die bouwerk wat onderweg is. Ten spyte hiervan toon heelwat leerders reeds 'n doelgerigte benadering tot hul skoolwerk. Oor die algemeen is hulle gelukkig en gefokus by die skool!

Die volgende inligting is vir u aandag:

1. BOUVERWIKKELINGE

Ons Graad 1E1 – E4 leerders het nou by hulle splinternuwe opslaanklasse ingetrek en is baie gelukkig daar. Die ernstige taak van bou aan die 7 nuwe klaskamers bokant die Graad 1 gang en Administrasiegebou is nou onderweg en hierdie areas is weens veiligheidsredes afgebaken. Alle leerders is al gewoond aan hul nuwe toegang, en roetes in en om die skool werk uitstekend. Alles loop op die oomblik volgens plan en ons vertrou dat die proses verder ook glad sal verloop. Selfs die admin personeel voel al tuis in hul nuwe tydelike kantore.

Verwikkelinge by die swembad vorder goed en ons verwag dat die hele area teen die einde van hierdie maand klaar sal wees. Ons het 'n paar vertragings ondervind, maar alles is weer terug op koers. Dit belowe om by voltooïng pragtig te lyk.

2. FORMELE ASSESSERING IN DIE 4DE KWARTAAL

Daar is slegs 5 weke oor voordat die leerders met hulle finale assessering vir vanjaar begin! Maak asseblief seker dat u kind reeds 'n gevestigde studieprogram het sodat hy/sy deeglik voorbereid kan wees vir die assessering. Alle leerders van Graad 4 – 7 sal 'n omvattende formele assesseringsreeks teen die einde van die jaar aflê, wat op **Vrydag 18 November 2011** begin. Die finale formele assessering verskyn in die kwartaalbeplanner vir ouers wat aan die einde van verlede kwartaal huis toe gestuur is. Alle leerders in Gr 4 – 7 sal op Vrydag 21 Oktober 'n opsomming ontvang van werk wat vir die finale assessering voorberei moet word.

3. HERINNERING: BEGROTINGSVERGADERING 2012

U word herinner aan die begrotingsvergadering wat op **Maandag 24 Oktober 2011 om 19:00** in die skoolsaal gehou gaan word en almal word aangemoedig om hierdie belangrike vergadering by te woon. Die begroting, asook skoolgelde vir 2012 sal voorgestel word en die kriteria vir volle/gedeeltelike vrystelling daarvan sal verduidelik word. Ouers is ook welkom om die voorgestelde begroting op die Vrydag voor die vergadering te bestudeer. Kontak asseblief Lynne in die finansiële kantoor in hierdie verband.

4. BEAUMONT KARNAVAAL - HERINNERING

Onthou asseblief die 5de November! Die Beaumont Karnavaal word gehou by Ratanga Junction op Saterdag 5 November 2011 van 10:00 – 17:00 teen 'n koste van slegs R100.00 per kaartjie. Dit is nie 'n skooluitstappie of 'n 'drop and go' geleentheid nie. Ons wil graag hê dat gesinne die dag saam sal geniet by die wildste, mees opwindende plek in Suid-Afrika! Ons het tot Dinsdag 18 Oktober om genoeg kaartjies te verkoop om voort te gaan met die geleentheid. Kaartjiegeld sal terugbetaal word indien verkope nie die teiken haal nie. Bankbesonderhede is op die webtuiste beskikbaar by www.beaumont4u.co.za vir kaartjies wat aanlyn gekoop word. Kaartjies kan ook daagliks van 13:00 – 14:00 in die skool se voorportaal gekoop word.

5. ALGEMEEN

Die Weskaapse Onderwysdepartement (WKOD) het in samewerking met Liam Cundill, die skrywer van "The White Quill", 'n kompetisie geloods om jongmense aan te moedig om vir genot te lees. Sommige Graad 6 leerders van ons skool is gevra om die boek te lees en 'n opsomming te skryf oor die dele van die boek wat hulle as die beste ervaar het. Liam Cundill het onlangs 'n besoek aan hierdie leerders gebring waartydens hulle aspekte van die skryf van fiksie bespreek het. Hy het ook aan hulle 'n Merietesertifikaat oorhandig vir hul uitstekende bydraes tot die kompetiesie.

6. NASORGSENTRUM

Ons Nasorgsentrum se bestuursvermoë gaan nog van krag tot krag. Ons projeksie vir 2012 is ‘n maksimum van 220 leerders, met ‘n personeel van 12 assistente. Die Nasorgsentrum bied ‘n gekookte middagete aan, gestruktureerde studietye en uitstekende daaglikse toesig tot 18:00. Aansoeke vir 2012 kan gerig word aan die Nasorg kantoor by (021) 851-0396 of epos: keri@beaumont4u.co.za

7. ECO NUUS

Herwinning

Die laaste kwartaal is hier! Soos julle al agtergekom het, is die aanbouings by die skool goed aan die gang, en daarmee saam is die herwinningspunt in Reigerstraat gesluit tot einde Maart 2012. Die enigste twee herwinningspunte wat nou in gebruik is, is die twee aan die bopunt en onderpunt van Onse Jan straat. Onthou ook om deurskynende 2L koeldrankbottels, in ‘n aparte sak indien moontlik, te bring. Die Helderberg Hospice benodig nog ongeveer 2000 bottels vir hul geldinsamelingsprojek.

Baie dankie vir elke bydrae!

8. KULTUUR

Die Departement van Opvoeding het ‘n nasionale kompetisie geloods waar leerders deur middel van kuns of digkuns kon wyse wat “Erfenis” vir hul beteken. ‘n Paar leerders van Beaumont het aan hierdie kompetisie deelgeneem. Rebecca Kaps het met haar kunswerk die eerste plek behaal in haar ouderdomsgroep en ‘n rit na Robbeneiland gewen. Jamie van Breda het met haar kunswerk ‘n tweede plek in haar ouderdomsgroep behaal. Mooi so!

9. WEDSTRYDBEPALINGS VIR DIE 4DE KWARTAAL

Die wedstrybepalings vir die verskeie sportkodes vir die 4de kwartaal is verlede kwartaal saam met u kind huis toe gestuur. Vra asseblief vir u kind hiervoor en maak asseblief seker dat u kind alle verpligtinge nakom sodat ons skool by die verskillende geleenthede ten volle verteenwoordig kan word. Baie dankie aan mev Minnie wat hierdie waardevolle inligting aan ons verskaf. Die inligting is ook beskikbaar op die skool se webtuiste onder ‘downloads’.

10. SPORTSPOGHOEKIE

Karate

Luke Maré het ‘n brons medalje behaal in die kategorie Kata, O10 & 11 (hy was die jongste in die groep) by die SASKA Nasionale Kampioenskappe in Uitenhage op 8 Oktober 2011. Luke is ook gekies om sy klub te verteenwoordig by die Internasionale Kampioenskap wat in Serbia in Oktober 2012 gehou sal word. Mooi skoot!

11. BELANGRIKE DATUMS

Donderdag 13 Oktober	:	Klerewinkel oop 13:00 – 14:30
	:	Seniorfase: Vorderingsbesprekings (op uitnodiging)
	:	Tennis; Beaumont Kampioenskap
	:	Gerrie Berner Tennis Toernooi: Paarl
Vrydag 14 Oktober	:	Sandwich drive begin - ondersteun asseblief
	:	Graad 4 – 7 Nasorgkamp
	:	Gerrie Berner Tennis Toernooi: Paarl
Saterdag 15 Oktober	:	Gerrie Berner Tennis Toernooi: Paarl
Maandag 17 Oktober	:	Bring herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	Graad 5 Uitstappie na Helderberg Natuurreservaat
	:	Prefek werkswinkel 14:30
Dinsdag 18 Oktober	:	WKOD Sistemiese Toetsing: Graad 3 -6
	:	Klerewinkel oop 13:00 - 14:30
Woensdag 19 Oktober	:	Entrepreneurskapdag vir Graad 4
	:	Klas van 2006 Reunie
Donderdag 20 Oktober	:	Klerewinkel oop 13:00 – 14:30
	:	Netheidsinspeksie
	:	BL Vergadering om 18:30
Vrydag 21 Oktober	:	Sandwich drive
	:	Tennis: Beaumont Kampioenskap
	:	Detensie Graad 4 – 7
Saterdag 22 Oktober	:	Lochnerhof Top 12 Atletiek
Maandag 24 Oktober	:	Bring herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	2012 Begrotingsvergadering in skoolsaal om 19:00
Dinsdag 25 Oktober	:	Graad 3 Uitstappie na akwarium
	:	Klerewinkel oop 13:00 – 14:30
Donderdag 27 Oktober	:	Klerewinkel oop 13:00 – 14:30

Vriendelike groete

Mnr G Reddell (Skoolhoof) 18/2011